NG Kerk in Suid-Afrika

REKENKUNDIGE BEAMPTE: PREDIKANTE PENSIOENFONDS (6/8 pos)

(Bellville)

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) maak die vakature vir ’n deeltydse Rekenkundige Beampte bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel.

Sleutelprestasie-areas vir hierdie pos sluit in:

- Finansiële administrasie van die NG Kerk in SA se voorkantoor vir die Predikante Pensioenfonds
- Noukeurige op datum hou van die pensioenfonds se databasis
- Lede bewegings maandeliks rekonsilieer en balanseer met databasis
- Maandelikse insamel van pensioenfonds bydraes en risiko-dekking bydraes vanaf werkgewers
- Debietorder verhalings aan bank stuur en inbetalings kontroleer
- Bestuursverslae vir administrateur van die pensioenfonds en versekeraar voorberei en saam met oorbetaling stuur
- Boekhouding van die administratiewe transaksies tot voor proefbalans en bankrekonsiliasies
- Pensioentrekkers en arbeidsonbevoegde lede rekonsilieer en opdrag vir maandelikse betalings gee
- Byhou en beskikbaarstel van inligting vir ouditprosesse en aktuariële waardering

Die ideale kandidaat beskik oor toepaslike tersiêre kwalifikasies en voldoen aan die volgende vereistes:

- Bewese toepaslike rekenaarvaardighede, insluitend kennis en ervaring van Sage Evolution boekhouprogram
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede
- Noukeurigheid en ingesteldheid op detail
- Ervaring van dataverwerking
- Diensingesteldheid en toepaslike ondervinding in soortgelyke betrekking word sterk aanbeveel

Vergoedingsriglyne: Volgens sinodale riglyne

Rig ’n volledige CV **voor 28 Julie 2020** aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville, 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za